

DIE keuse van geskenke in die groot afdelingswinkels, supermarkte en geskenkwinkels is legio. En dit is waarom dit so moeilik is om te besluit wat om vir wie te koop. Ons het 'n klompie goed gaan uitsoek wat na ons mening oulike Kersgeskenke sal uitmaak.

BLAAI OM

*Daar is nog hope tyd om iets unieks vir elkeen onder jou Kersboom te sit. Iets wat jy self gemaak het is mos uniek, of hoe? Ons maak dit maklik deur vroegtydig 'n duisternis oulike geskenke voor te stel en sommer die aanwysings te gee om hulle te maak*



deur LORRAE CILLIERS foto's FRANCO CARDINI bykomstighede CONCEPT

# Alles draai al



# weer om Kersfees

# Kersgeskenke

FOTO OP BL. 67

## TAFELMATJIES MET SNEEUMAN EN KERSBOOM

**BENODIGDHEDE:** *Elle Summer Breeze (suiwer katoen; 50-g-bolle); ongeveer 100 g wit, 50 g elk ligpienk en donkerpienk, beige, bruin en groen; Elle Hi-Lite (25-g-bolle) 'n paar gram elk goudkleur en goudbruin; hekelpenne van 1,25 mm, 1,50 mm en 1,75 mm; kabelnaald van 2,50 mm of 3 mm.*

**MATE:** *Elke tafelmat is ongeveer 50 x 30 cm.*

**AFKORTINGS: Hekel:** *ks - kettingsteek; kb - kortbeen; vlg - volgende; hlb - halflangbeen; lb - langbeen; gs - glipsteek; krap-st - kortbeen van links na regs; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; grh - garing rondom hekelpen; weersk - weerskante.*

**BORDUURSTEKE:** Stamsteek en Franse knopies.

**LUSSTEEK: 1e ry:** Hekel 'n ketting so lank soos benodig.

**2e ry:** 1kb in 2e ks vanaf hekelpen, 1kb in elke vlg ks, draai.

**3e ry:** 1ks (= 1e kb), hou 'n kabelnaald van 2,50 mm of 3 mm aan regte kant van werk en hekel soos volg: *Draai garing om kabelnaald, van voor na agter, steek hekelpen in vlg steek van vorige ry en tel garing wat om kabelnaald gedraai is, op, garing rondom hekelpen en voltooi steek*. Herh van * tot * tot einde van ry en draai.

**4e ry:** 1ks (= 1kb), 1kb in elke st van vorige ry.

Herhaal 3e en 4e ry tot verlangde lengte bereik is.

**TAFELMATJIE:** Met wit en 1,75-mm-hekelpen, hekel 132ks, draai, 1hlb in 3e ks vanaf hekelpen, 1hlb in elke vlg ks tot einde.

Draai en hekel 66 rye hlb, draai altyd met 2ks aan einde van elke ry.

Voltooi matjie met 1 rondte kb, en 3kb in elke hoek-st; hekel dan 'n rondte krap-st. Knip garing af en werk netjies af.

**KERSBOOM:** Met groen en 1,50-mm-hekelpen hekel 34ks en dan 2 rye lussteek.

Hekel nog 16 rye lussteek, vermin telkens 1 st aan weerskante van elke alt ry, dus 8 keer altesaam. Vermeer 16ks aan weersk van vlg ry en hekel steeds lussteek, maar vermin nou 1 st aan weersk van elke ry, 16 keer.

Hekel nog 2 rye, vermeer 9ks aan weersk van vlg ry.

Hekel voort in lussteek en vermin 1 st aan weersk van elke alt ry tot al die steke gehekel is. Hekel boomstam met bruin en 1,50-mm-hekelpen, en begin met 5ks, dan 6 rye kb in dié ks. Hekel dan 1 rondte kb om buitenste rand, met 3kb in elke hoek-st. Sluit met gs in begin-st.

**KONYNTJIE:** Met pienk en 1,50-mm-hekelpen, hekel 8ks, draai, dan 1 ry kb.

Hekel voort in kb, vermeer 1 st aan weersk van elke ry, 6 keer.

**Vlg ry:** kb tot einde, sonder vermeer.

**Vlg 6 rye:** Vermin 1 st aan weersk van elke ry.

Vermeer 1 st aan weersk van elke 2e ry, 2 keer, vermin 1 st aan weersk van elke 2e ry, 2 keer, hekel nog 1 ry met vermindering aan weerskante en knip garing af.

**Vorm oortjies:** Heg garing bo aan kop vas, hekel 3ks, 3 rye van 3kb elk, en hekel in laaste ry 3 onvoltooide kb, garing rondom hekelpen en trek deur al die lusse, knip garing af en werk af.

**SNEEUMAN: Onderlyf:** Met beige en 1,50-mm-hekelpen begin onder by onderlyf met 8ks, dan 'n ry kb. Hekel voort in kb, en vermeer 1 st aan weersk van 6 vlg rye.

Hekel 5 rye sonder vermeer, vermin daarna 1 st aan weersk van elke alt ry, 5 keer altesaam; knip garing af en werk netjies af.

**Bolyf:** Hekel 11ks met beige, dan 6 rye kb.

Hou eenkant, en **vorm arms** soos volg: Met 'n aparte bolletjie beige, hekel 2ks, en hekel voort in kb, maar vermeer 1 st aan weersk van vlg 2 alt rye, hekel 6 rye kb.

Hekel tweede arm op dieselfde manier, en hekel aan lyf vas met 1 ry kb. Hekel voort in kb, maar vermin 1 st aan weersk van vlg 5 rye.

**KOP:** Met beige en 1,50-mm-hekelpen, hekel 4ks, sluit met gs om 'n ring te vorm.

**Vlg rondte:** 8kb in ring, sluit met gs; hekel nou 2kb in elke st, dan nog 2 rondtes kb in kb, vermeer af en toe 'n steek om werk plat te hou. Knip garing af.

**HOED:** Hekel 14ks met beige en 1,50-mm-hekelpen en hekel voort in kb, maar vermin 1 st aan weersk van elke ry, 3 keer. Hekel nog 7 rye kb, knip garing af.

**STER (6):** Met geel en 'n fyner hekelpen, hekel 7ks, sluit met gs om 'n ring te vorm.

**Vlg rondte:** 15kb in ring, sluit met gs.

**Vorm eerste punt:** 1kb in elk van vlg 3 ste, draai, hekel 3 rye heen en weer op dié 3 ste, hekel in vlg ry 3 onvoltooide kb, grh en trek deur al die lusse op pen.

Knip garing af en werk netjies af.

Hekel nog 4 sulke punte en hekel 'n rondte kb rondom ster.

Knip garing af en werk netjies af.

NA BLADSY 74




# Kersgeskenke

VAN BLADSY 72

**AFWERKING:** Hekel met goudkleurige Hi-Lite 'n rondte kb onderskeidelik om konyntjie en sneeuman.

Borduur oë en knope van sneeuman met Franse knopies en Hi-Lite, en die mond met stamsteek.

Hekel 26kb om **besem** te vorm.

Hekel **neus:** 8ks, dan 3 rye kb in dié ks. Vou dubbel om 'n soort buisvormige knopneusie te vorm. Werk boom en sterre aan tafelmatjie vas soos op foto gesien kan word. Stop figuurtjies met 'n bietjie watte op. Maak van bruin Hi-Lite 'n pompon vir konyntjie se stert en omlyn die figuurtjies met bruin Elle Hi-Lite terwyl hulle in posisie aan tafelmatjie vasgewerk word. Borduur ook strepies onder die figuurtjies (waar voete sou wees) om sneeu voor te stel.

**MET MEISIES: BENODIGDHEDE:** *Elle Summer Breeze (50-g-bolle) ongeveer 100 g wit, 'n bol elk lig- en donkerpienk, beige, bruin en 'n paar draadjies groen. Elle Hi-Lite (25-g-bolle), paar gram elk goud, silwer, goudbruin; hekelpenne van 1,25 mm en 1,75 mm; watte om figuurtjies mee op te stop.*

**MATE EN AFKORTINGS:** *Soos matjie met sneeuman en konyntjie.*

**TAFELMATJIE:** Soos matjie met sneeuman.

**MEISIES (2): Rokkies:** Hekel een pienk en een donkerpienk.

Begin met 28ks en hekelpen van 1,25 mm; draai.

**Vlg ry:** 1kb in 2e ks vanaf pen; 1kb in elke vlg ks.

Hekel nog 18 rye kb en draai altyd met 1kb. Dit voltooi die romp.

**Lyfie:** 1 ry *1kb in vlg kb, slaan 1kb oor; tot einde.

**Vlg 11 rye:** 1kb in kb tot einde, draai.

Knip garing af en werk netjies af.

**Regtermou:** Hekel 6kb met dieselfde kleur as rokkie, dan 3 rye kb.

Hekel in kb voort, maar laat eerste 2 ste aan linkerrand van 1e ry weg. Hekel nog 7 rye en vermin daarna 1 st in elke alt ry tot al die steke weggehekel is.

Hekel linkermou op dieselfde manier, maar met omgekeerde vorming.

**Beentjies** (2 vir elke meisie): Met beige en 1,25-mm-hekelpen, begin met 4ks en hekel 14 rye oor die 14 ste. Knip garing af en werk netjies af.

**Skoentjies** (2 vir elke meisie): Met bruin en 1,25-mm-hekelpen, hekel 5ks, dan 1 ry kb.

**Vlg ry:** 2kb in 1e kb, kb tot laaste kb, 2kb in laaste kb.

**Vlg ry:** kb in kb tot einde. Knip garing af en werk netjies af.

**HOED (2):** Met bruin en 1,25-mm-hekelpen, begin met 4ks, sluit met gs om ring te vorm en hekel 8kb in ring. Eindig met gs in 1e kb.

**Vlg rondte:** 2kb in elke st van vorige rondte — 16kb.

Hekel nog 4 rondtes kb, vermeer 'n paar ste in elke rondte tot 24kb in laaste rondte gehekel word. Slaan vir hoed se rand na beige oor en hekel 'n paar rondtes kb, met 2kb in elke st van vorige rondte — 48kb. Hekel nog 'n rondte sonder vermeer en sluit rondte met gs in 1e st. Knip garing af en werk netjies af.

**STERRE** (2 van elke kleur): Hekel 7ks met 1,25-mm-hekelpen gs om rondte te sluit; 15kb in ring, sluit elke rondte met 'n gs.

Voltooi sterre soos uiteengesit vir matjie met sneeuman.

**AFWERKING:** Omlyn die figuurtjies met Hi-Lite, borduur Franse knopies om knope voor te stel op lyfie van rokkies, 3 elk. Werk al die onderdeeltjies aan matjie vas soos op foto gesien kan word.

Draai 4 klein koordjies van Hi-Lite en werk hulle in posisie vas (kyk foto).

Borduur strepies by voete van meisies om grond voor te stel en ook groen strepies om gras voor te stel.

Werk die sterre in posisie vas (kyk foto), en kies die kleure na eie smaak.

## TAFELMATJIES MET VATLAPPE EN SERVETRINGE

(FOTO OP BL. 66)

**BENODIGDHEDE:** *Elle Summer Breeze (suiwer katoen, 50-g-bolle); ongeveer 150 g*

NA BLADSY 88



# Kersgeskenke

VAN BLADSY 74

*wit, 200 g rooi, 50 g groen, 50 g geel, 'n paar gram swart en donkerbruin; hekelpen van 1,75 mm; borduurnaald.*

**MATE: Rooi vatlap:** *Ongeveer 22,5 x 22,5 cm.* **Rooi tafelmatjie:** *16,5 x 18,5 cm;* **Wit vatlap:** *16,5 x 18,5 cm.* **Wit tafelmatjie:** *20,5 x 33 cm.* **Servetringe:** *Omtrek 12 cm.*

**AFKORTINGS:** *ks - kettingsteek; kb - kortbeen; herh - herhaal; st(e) - steek (steke); vlg - volgende; gs - glipsteek.*

**AANWYSINGS: Vatlappe:** Begin met 47 ks plus 1 draai-ks, hekel kb in rye, en volg diagram vir sneeuman of Kersboom.

Hou kleur wat nie gebruik word nie aan agterkant van werk en bedek dié draad met steke van daaropvolgende ry. Alle borduurwerk word met stamsteek gedoen.

**OMRANDING: Sneeuman:** Hekel met rooi rondom soos volg:

**1e rondte:** 1kb in elke st en in elke ry-einde, en 3kb in elke hoek-st.


**2e rondte:** Met wit, * 1kb, 1ks, slaan 1 st oor, maar hekel in elke hoek-st; 1kb, 1ks, 1kb, 1ks, 1kb.

**3e rondte:** Met wit, * 1kb in 1ks-sp, 1ks; herh tot einde. Knip wit af.

**4e rondte:** Slaan oor na rooi, * 1kb in kb, 1kb in 1ks-sp; en 3kb in elke hoek-sp.

## DIAGRAM

### KERSBOOM




My man is 'n waaghals en dis sy werk om vuil te word. Hy speel vuil. Hy baklei vuil.



**5e rondte:** Met rooi, * 1kb in kb, 3ks, slaan 1kb oor; herh tot einde van rondte en vorm 'n lus by een van die hoeke deur 12ks, gs in basis-st te hekel. Bedek lus dan met kb om dit te verstewig. Knip garing af en werk netjies af.


**OMRANDING: Kersboom: 1e rondte:** Met geel, 1kb in elke kb en elke ry-einde tot einde.
**2e rondte:** Met geel, * 1kb in kb, 3ks, slaan 1kb oor. Knip geel af.
**3e rondte:** Met rooi, * 1kb in 1ks-sp, 3ks; tot einde van rondte.
Knip garing af en werk netjies af.

**TAFELMATJIES: Met sneeuman:** Hekel 81ks met rooi, plus een draai-ks. Hekel voort soos uiteengesit vir sneeuman-vatlap, sorg dat sneeumanmotief presies in middel van tafelmatjie gehekel word (raadpleeg diagram). Hekel omranding soos vir vatlap.
**Met Kersboommotiewe:** Soos uiteengesit vir sneeuman, maar volg diagram vir Kersboomlappie. Hekel omranding soos uiteengesit vir vatlappe.

**SERVETRINGE:** Hekel 'n strokie met verlangde ontwerp, volgens diagram, in kleure soos aangedui, lank genoeg om 'n servetring te vorm (12-14 cm). Hekel laaste ry aan eerste vas om netjies af te werk, en omrand soos uiteengesit vir vatlappe.

**BORDUURWERK:** Raadpleeg foto en borduur kersies en Kersboomversierings.
Borduur sneeuman se oë, knopies en arms met swart soos op foto gesien kan word. ●

## DIAGRAM
### SNEEUMAN





# Dis tye soos dié dat ek bly is daar's Biotex.




*Omdat dit meer ensieme bevat, week Biotex hardnekkige vlekke en vuilheid uit wat te taai is vir 'n gewone was. Daar's Groen vir week in koue water . . . en Blou vir voorwas in outomatiese masjiene. As jy dus 'n ware vlekprobleem het, week niks dit beter uit as Biotex nie.*

# Biotex. Die Spesialis-vlekverwyderaar.

GREY-PHILLIPS, BUNTON, MUNDEL & BLAKE 70334